Tjokkie WEEKBLAD

8 Augustus 2025 Uitgawe: 3/3/2025

## UIT DIE KANTOOR

**Akademie:**
Dinsdag, 5 Augustus was oueraand. Baie dankie aan al die ouers wat afsprake gemaak het om onderwysers te kom sien rakende u kind se akademiese vordering. Ons is nou halfpad deur die jaar se werk en daar is nog ruim tyd vir verbetering. Indien u nie ’n afspraak kon kry nie, is u meer as welkom om die betrokke klas-/vakonderwyser te kontak vir ’n afspraak.

Ouers van kinders in Gr. 4 - 7 moet asb. kennis neem dat daar volgens die **Jaarlikse Onderrigplan,** hierdie kwartaal baie gefokus word op opdragte en take wat ingehandig word. Daar sal slegs enkele formele assesserings gedoen word. As gevolg hiervan en die druk buitemuurse program, sal daar vir die res van die kwartaal op Dinsdae en Donderdae ‘n addisionele toets-/assesseringsperiode in die dagrooster ingewerk word (rooster sal op klasgroepe geplaas word). Dit sal die toetsweek wat op 9 September sou begin, vervang. Vir die onderwysers se eie beplanning is dit belangrik dat daar by sperdatums gehou moet word. Ouers moet dus seker maak dat kinders hierdie opdragte en verpligtinge nakom, anders gaan dit ’n negatiewe uitwerking op hierdie kwartaal se punte hê. Leerders moet ook die vaardigheid aanleer om tyd te bestuur en vroegtydig hierdie take te voltooi en nie te wag tot die dag voor die inhandigingsdatum nie.

**Absa Hokkiedag**

Op Saterdag, 16 Augustus vind ons jaarlikse Absa Tjokkie-Hokkiedag by die UV plaas. Dit is die grootste Hokkietoernooi van sy soort in sentraal Suid-Afrika. Die ouerkomitee maak staat op die ondersteuning en hulp van ouers op hierdie dag. Dit is gewoonlik ’n heerlike lekker kuierdag en nuwe vriendskappe word hierdeur gevorm.

Indien ouers die ouerkomitee kan help met verkope (al is dit net ’n uur of so), sal hulle dit baie waardeer. Aangeheg is die koördineerders van die verskillende grade wat u kan kontak om u hulp aan te bied.

Baie dankie vir ouers wat reeds aangedui het dat hul sal help. Ook groot waardering vir elke skenking wat ons ontvang het.

Saam kan ons weer van hierdie dag ’n groot sukses maak.

**Gr. R Sport- en Pretdag:**

Eerskomende Saterdag, 9 Augustus bied Tjokkies Pre-primêr ’n heerlike sport- en pretdag aan vir al ons kleuters van regoor die stad. Dit is ’n eerste vir Tjokkies. As die weer gaan saamspeel, beloof dit om ’n heerlike dag te wees waar kinders blootgestel word aan deelname.

**Ritmefees:**


Ons Pom-poms en Ritmegroep presteer baie mooi. Tydens verlede naweek se Ritmefees by Curru Skool het die Ritmegroep 'n pragtige $A^{++}$ simbool behaal en die Pom-poms is beloon as wenners van die Pre-junior afdeling.

Albei hierdie groepe het ook reeds gister na Kroonstad vertrek waar hulle aan Trio Primêre Skool se Ritmefees gaan deelneem het. Baie geluk aan die Pom-poms met hul eerste plek en die Ritmegroep met hul derde plek.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 7-9 Aug.: | Hokkie – o/12 & o/13 Guschkie Hokkietoernooi (Grey) |
| 8 Aug.: | Rugby: Vrystaat o/12 & o/13 7's proewe (PBS) |
| 9 Aug.: | Vrouedag |
| | Tjokkies Pre-Primêr – Baby Tjoklits *Sport- en Pretdag* |
| | Pom-poms, Junior Koor en Senior Koor optrede by Pellissier Koorfees |
| 11 Aug.: | Tennisliga |
| 12 Aug.: | Brain Buddy-vertoning – Gr. R-3 (gratis) |
| 13 Aug.: | Tennisliga |
| | H/S Sand Du Plessis Musiekfees |
| 14 Aug.: | ATKV Spelfees (Bybelhuis - slegs enkele leerders) |
| | Hokkieliga @ Fichardtpark |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 11 Aug.: | Mnr. JP Nel (SPF Assistent) |
| 12 Aug.: | Juf. Geraldine Finlay (Gr. 4) |

## ANDER

***Kennisgewing!***

***Ouers moet asb. kennis neem dat die skool op Vrydag, 15 Augustus om 12:00 sal verdaag, aangesien al die personeel betrokke is by die voorbereiding by die UV vir Saterdag, 16 Augustus se ABSA Tjokkie Hokkiedag.***

***Toesig is gereël vir kinders wat nie om 12:00 afgehaal kan word nie. Middagsorg sal egter normaal voortgaan.***

## LIGAWEDSTRYDE

Ouers, ons vra asb. vir u samewerking rakende die uittekenprosedure tydens ligadae – dit geld vir alle sportsoorte dwarsdeur die jaar:

In die toekoms word leerders op ligadae slegs eenmalig as 'n groep/span uitgeroep vir busvervoer sowel as ouervervoer.

U as ouers moet steeds by die kantoor uitteken en wag dan buite totdat leerders geroep word.

Daar sal genoegsame tyd gegun word om betyds by wedstryde te wees.

Hierdie reëling word genoodsaak, aangesien akademiese tyd benadeel word deur konstante afkondigings.

Baie dankie vir u samewerking in dié verband.



# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Ons is opgewonde om met u te deel dat elke leerder vandag ’n sakkie pap van **PVM** ontvang het om dit self te toets. Hierdie bederf is met liefde gegee as deel van PVM se **Tjokkiehartklop**-projek, en ons wil graag vir PVM hartlik bedank vir hul ruim bydrae.

Ons hoop dat die Tjokkie-leerders sommer baie van hierdie **PVM Energy Bar Cereal** gaan hou!

Sien PVM-advertensie en inligting hierby aangeheg.

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

Lukas 1: 55


"Hy het sy goedheid oor hulle uitgestort, presies net soos Hy aan Abraham belowe het - aan hom en sy hele nageslag. Ja, God se beloftes is vir altyd waar."

My gebed vir jou: Daar waar jy swaarkry. Daar waar die lewe alle lewe uit jou probeer druk. Daar waar jy vermoed, nee, eintlik presies weet wat daar gebeur. Daar waar jy nie goed voel nie, tree God se liefde vir jou in. Ons God is groot en Hy is ons Redder. Hy red vandag nog mense. Ek en jy is belangrik vir Hom. God sien jou raak en hy is daar vir jou en hy sal jou gebruik in sy koninkryk.

Dankie Here. Amen.

Spesiale Uitgawe

# HOOFNUUS




## TJOKKIES TIME TRAVEL TRIBUTE

When the world feels like it's falling apart, music becomes our shelter.



## 1960 - 2025 GROOTSTE TREFFERS

Music is life.

That's why our hearts have beats.



## TJOKKIES MUSIEKAANDE

Datum: 3 September 2025 (GSF musiekleerders)
4 September 2025 (SF musiekleerders)

VENUE : TJOKKIES SKOOLSAAL
Tyd: 18h30

Koste: R60 pp

Pak jou piekniekmandjie en kom geniet 'n aand gevul met mooi musiek (deur ons eie musiekleerders) en lekker geselskap by pragtig gedekte tafels.

**MEER INLIGTING BESKIKBAAR BY TJOKKIES SE MUSIEKDEPARTEMENT**

Kaartjieverkope open op Karri op 15 Augustus en sluit weer op 29 Augustus.


98.99 per kg
Beef Oxtail
CAPE POINT
Locked-in freshness
Individually flash frozen
Exclusive to Checkers
SAVE R20
199.99 700g each
WITH CARD
Cape Point Frozen Whole Platter Prawns
AS SEEN ON TV
SAVE R80
ANY 2 FOR
R239
WITH CARD
2 x 850g Parmalat Cheddar/White Cheddar/Mature Cheddar/Gouda/ White Gouda Cheese
LIVE XTRA
WITH SA'S NO.1 IN VALUE*
XTRA SAVINGS
Checkers
SAVE R13
39.99 1kg each
WITH CARD
Clover Bliss Double Cream Yoghurt All Variants
AS SEEN ON TV
SAVE R15
39.99 1,5ℓ each
WITH CARD
Clover Krush 100% Fruit Juice Blend All Variants
AS SEEN ON TV
SAVE 17%
74.99 1kg
WITH CARD
Kellogg's Corn Flakes Cereal
AS SEEN ON TV
SPAAR R25
2 VIR
R90
MET KAART
2 x 1kg Stork Country Spread 40% Vetsmeer
SAVE 22%
ANY 2 FOR
R39
WITH CARD
2 x 120g Lay's Potato Chips All Variants
SAVE 20%
2 FOR
R45
WITH CARD
2 x 2ℓ Coca-Cola Original Taste Less Sugar Soft Drink
SAVE UP TO R230
BUY ANY 3 & GET THE CHEAPEST FREE
WITH CARD
BUY Any 3 x Ariel Liquid Detergent 2ℓ/3ℓ/Capsules 14/21/30 per pack & GET the Cheapest One FREE!
AS SEEN ON TV
GET UP TO 30%* BACK IN-STORE
IN UCOUNT REWARDS POINTS
WHEN PAYING WITH YOUR QUALIFYING STANDARD BANK CARD
*T&Cs apply
Standard Bank
*Voted SA's No.1 in value supermarket in an independent survey of grocery consumers.
Checkers
better and better
Checkers Hyper
Download the app
OFFERS VALID FROM MONDAY 21/07/2025 UNTIL SUNDAY 10/08/2025. PRICES APPLY TO CHECKERS BETHLEHEM, DE AAR, DIAMOND PAVILION, GOLDFIELDS, HARRISMITH, HARTSWATER, KALAHARI MALL, KATHU, KROONSTAD, KURUMAN, KURUMAN SQUARE, LANGENHOVENPARK, LICHTENBURG, LICHTENBURG DADA CENTRE, MAHIKENG MALL, MIMOSA MALL, NEW PARK, PARYS, PARYS THE RIVERSHED, PRELLER SQUARE, SAINTS, SASOLBURG, UNIVERSITAS, UPINGTON, VIRGINIA, WELKOM, WOODLAND HILLS & ZEERUST. ALSO AT CHECKERS HYPER FLEURDAL. NOT ALL PRODUCTS WILL BE AVAILABLE AT PRELLER SQUARE & UNIVERSITAS. SEAFOOD ONLY AVAILABLE AT STORES WITH SEAFOOD COUNTERS. CERTAIN FOODS COOKED FOR STYLING PURPOSES ONLY. WINE ONLY AVAILABLE AT STORES WITH WINE DEPARTMENTS. BEER & SPIRITS ONLY AVAILABLE AT LIQUORSHOP STORES. LIQUOR ONLY AVAILABLE AT STORES WITH A VALID LIQUOR LICENCE. ALCOHOL FOR SALE ON SUNDAYS AT SELECTED STORES ONLY. WE RESERVE THE RIGHT TO LIMIT QUANTITIES. NO TRADERS PLEASE. ERRORS & OMISSIONS EXCEPTED (E&OE). SELECTED ITEMS MAY NOT BE AVAILABLE AT CERTAIN STORES. WHILE STOCKS LAST. CUSTOMER CARE LINE 0800 01 07 09 (TOLL-FREE). XTRA SAVINGS SUPPORT LINE 0800 33 33 85 (TOLL-FREE).
Page 1


THE CENTRAL STAR
2025
presented by Mimosa Mall
Let your Brilliance Illuminate the stage.
Entries Now Open 4 - 31 August 2025
WhatsApp to enter: 067 372 8527
* No Age Limit. * No Entry Fee. * T's & C's Apply.
GRAND PRIZE:
R20 000
Mimosa Mall Shopping Voucher
Bloem NUUS NEWS
PACOFS
PERFORMING ARTS CENTRE OF THE FREE STATE
an agency of the Department of Sport, Arts and Culture